No 8 - 2023] Fifth Session, Sixth Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 13 APRIL 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:17] The Chief Whip moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

5. [14:18] The House discussed the following subject in the name of Hon N G Bakabaku-Vos:

   Freedom Month: Socio-economic freedom for some people in the Western Cape.

   Debate concluded.

6. [15:30] Interpellations.

7. [16:10] Questions.

8. [17:23] Statements by Members.

9. [17:42] Response to statements by Members by Mr R D Mackenzie, Minister of Mobility.

10. [17:45] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the new Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [17:46] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Mr D America moved without notice: That the House sends its most sincere condolences to the Thomas family, who lost their two daughters, Nurah Thomas (2) and Nishaat Thomas (6), on 3 March 2023 after an unlicensed taxi driver slammed into the family's car; and honours their lives by standing together in the fight against illegal taxi operators**.**

    Agreed to.

13. Mr D America moved without notice: That the House commends the Traffic Management Team for their contribution to stability and safety on the Western Cape Road network during the nationwide shutdown; and commends all officers and officials for their continued efforts to keep the Western Cape roads and road users safe.

    Agreed to.

14. Mr D America moved without notice: That the House congratulates the Minister of Mobility, Mr Ricardo Mackenzie, and his Department for setting up free vehicle testing at the Gene Louw Traffic College and for going above and beyond to protect our citizens on the roads during the Easter holidays.

    Agreed to.

15. Mr G Bosman moved without notice: That the House sends its thanks to Ouma Katrina Esau for her lifetime commitment to preserving the N|uu language; and congratulates her for obtaining her honorary doctorate agree in Literature.

    Agreed to.

16. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates all the Western Cape athletes who won their respective events at the South African School Athletics National Championship.

    Agreed to.

17. Mr D America moved without notice: That the House stands in solidarity with the Belhar woman who was thrown out of a moving taxi; wishes her a speedy recovery; and also condemns in the strongest terms the violence that so often takes place in the taxi industry.

    Agreed to.

18. Mr M Kama moved without notice: That the House conveys its condolences on the passing away of Dr Wallace Mgoqi, a retired advocate, attorney, businessman and activist; notes that in his life Dr Mgoqi wore many caps and was a man of great stature; notes that he had a respected judicial and public service career, serving as acting judge in the Land Claims Court from 2014 to 2019, as Chief Land Claims Commissioner in 1999, on the Commission for Gender Equality between 2012 and 2019, and as City Manager for the City of Cape Town between 2003 and 2006; and extends its condolences and sends a message of strength to his family and friends.

    Agreed to.

19. Mr L L Mvimbi moved without notice: That the House congratulates the Passenger Rail Agency of South Africa (Prasa) for launching the Nyanga to Langa route to its central line service to the Cape Town CBD; notes that this is after the line has not been in service for three years and suffered from vandalism and theft; and notes that this project will help resolve the transport struggles for commuters who use this route daily.

Agreed to.

20. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House congratulates Ouma Katrina Esau, the only remaining fluent speaker of the San language N|uu, who was honoured with an honorary Doctor of Literature degree by UCT; and notes that the honorary doctorate was conferred in recognition of her lifetime commitment to preserving the language. Congratulations, Ouma Katrina.

Agreed to.

21. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes and congratulates the team of young children from Stellenbosch farms who was chosen to represent South Africa in an international kayak polo competition; notes that the competition is set to take place in Ireland this July, and these farm kids have an opportunity to travel outside of the country for the first time; and roots for the team and wishes them well.

Agreed to.

22. Mr M K Sayed moved without notice: That the House congratulates the Trafalgar High School in District Six on being declared a national heritage site; notes that the school was established in 1912 and the first learners walked through the school's gates in 1916 and has been part of the history of District Six and Cape Town at large; notes that some of the school's alumni were anti-apartheid fighters and human rights activists; and notes that among its many illustrious alumni is the first Justice Minister of the democratic South Africa and struggle icon, Dullah Omar; retired judge, Seraj Desai; philanthropist and human rights activist, Dr Anwa Nagia; and political prisoner, Achmad Cassiem. Congratulations to the schooling community at large.

Agreed to.

23. Mr D America moved without notice: That the House notes and welcomes the provincial government extending the Provincial Regulatory Entity's digital footprint to allow for alternatives to process applications for public transport operating licences; notes that, in addition to submitting applications in person at public operating licence offices, applicants can now also submit applications electronically by email and on an online platform; and welcomes this innovation by the Western Cape that will once again streamline service delivery and government services.

Agreed to

24. Mr M Kama moved without notice: That the House notes with pride the achievement of the 17-year-old Aksana Matokazi from Brackenfell, Cape Town, as she jets off to Los Angeles at the end of July to represent South Africa in the World Championships of Performing Arts; further notes and conveys well wishes to this Capetonian who will compete in the comedy, drama and singing categories; and acknowledges that if the provincial government could avail more funds to support creative arts, sports and culture, then we could produce more artists and athletes to represent the province and country in international competitions.

Agreed to.

25. [17:58] FIRST ORDER

Consideration of Report of the Public Accounts Committee on the annual reports of the 13 departments of the Western Cape Government (WCG), including their entities. (See Announcements, Tablings and Committee Reports, no 35, dated 6 April 2023, p 79.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC, EFF and DA.

Question put: That the Report of the Public Accounts Committee be adopted.

Question agreed to.

The Report accordingly adopted.

26. The House adjourned at 18:10.



Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2023.04.20 16:51:15 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 13 APRIL 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Adjunkspeaker doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:17] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:18] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb N G Bakubaku- Vos:

   Vryheidsmaand: Sosio-ekonomiese vryheid vir sommige mense in die Wes-Kaap.

   Debat afgesluit.

6. [15:30] Interpellasies.

7. [16:10] Vrae.

8. [17:23] Verklarings deur Lede.

9. [17:42] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr R D Mackenzie, Minister van Mobiliteit.

10. [17:45] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die nuwe Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:46] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige meegevoel betuig met die Thomas-gesin, wat hul twee dogters, Nurah Thomas (2) en Nishaat Thomas (6), op 3 Maart 2023 aan die dood afgestaan het toe ŉ ongelisensieerde taxibestuurder in hul gesinsmotor vasgery het; en hulde aan hul lewens bring deur eensgesind te wees in die stryd teen onwettige taxi-operateurs.

Goedgekeur.

13. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Verkeersbestuurspan aanprys vir hul bydrae tot stabiliteit en veiligheid op die Wes-Kaapse padnetwerk tydens die landwye staking; en al die beamptes en amptenare aanprys vir hul voortgesette pogings om die Wes-Kaapse paaie padgebruikers te beveilig.

Goedgekeur.

14. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Minister van Mobiliteit, mnr Ricardo Mackenzie, en sy departement gelukwens met die aanbied van gratis voertuigtoetse by die Gene Louw-verkeerskollege en omdat hulle meer doen as wat van hulle verwag word om ons burgers tydens die Paasvakansie op die paaie te beskerm.

Goedgekeur.

15. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ouma Katrina Esau bedank vir haar lewenslange verbintenis tot die bewaring van die taal N|uu; en haar gelukwens met haar ontvangs van ŉ eredoktorsgraad in Letterkunde.

Goedgekeur.

16. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis al die Wes-Kaapse atlete gelukwens wat in hul onderskeie items tydens die Suid-Afrikaanse Nasionale Skoolatletiekkampioenskap geseëvier het.

Goedgekeur.

17. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy eensgesindheid toon met die vrou van Belhar wat uit ŉ bewegende taxi gegooi is; haar ŉ spoedige herstel toewens; en die geweld wat so dikwels in die taxibedryf voorkom, ten sterkste veroordeel.

Goedgekeur.

18. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel betuig ná die dood van dr Wallace Mgoqi, ŉ afgetrede advokaat, prokureur, sakeman en aktivis; kennis neem dat dr Mgoqi verskillende rolle in sy lewe gespeel het en ŉ man van aansien was; kennis neem dat hy ŉ gerespekteerde regs- en staatsdiensloopbaan gehad het, insluitende as waarnemende regter in die Grondeisehof van 2014 tot 2019, as Hoofgrondeisekommissaris in 1999, as lid van die Kommissie vir Geslagsgelykheid tussen 2012 en 2019, en as Stadsbestuurder vir die Stad Kaapstad tussen 2003 en 2006; en meegevoel betuig en ŉ boodskap van sterkte aan sy familie en vriende stuur.

Goedgekeur.

19. Mnr L L Mvimbi stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa) gelukwens met die bekendstelling van die Nyanga-na-Langa-roete na as deel van die sentralelyndiens na die Kaapstadse SSG; kennis neem dat dit volg nadat die lyn vir drie jaar nie in diens was nie en as gevolg van vandalisme en diefstal agteruit

gegaan het; en kennis neem dat hierdie projek sal help om die vervoerstryd van pendelaars wat hierdie roete daagliks gebruik, op te los.

Goedgekeur.

20. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ouma Katrina Esau, die enigste oorblywende mens wat die San-taal N|uu vlot praat, gelukwens nadat sy deur die UK met ŉ eredoktorsgraad in Letterkunde vereer is; en kennis neem dat die eregraad aan haar toegeken is ter erkenning van haar lewenslange verbintenis tot die bewaring van die taal. Geluk, ouma Katrina.

Goedgekeur.

21. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die span jong kinders van Stellenbosch-plase gelukwens nadat hulle gekies is om Suid-Afrika in ŉ internasionale kajakpolokompetisie te verteenwoordig; kennis neem dat die kompetisie hierdie Julie in Ierland plaasvind, en dat hierdie plaaskinders die geleentheid het om vir die eerste keer buite die land te reis; en die span ondersteun en hulle sterkte toewens.

Goedsgekeur.

22. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Hoërskool Trafalgar in Distrik Ses gelukwens nadat die skool as nasionale erfenisterrein verklaar is; kennis neem dat die skool in 1912 gestig is en die eerste leerders in 1916 verwelkom het en deel van die geskiedenis van Distrik Ses en Kaapstad in die breë was; kennis neem dat sommige van die skool se alumni anti-apartheidstryders en menseregteaktiviste was; en kennis neem dat van sy talle vermaarde alumni die eerste Minister van Justisie van die demokratiese Suid-Afrika en struggle-ikoon, Dullah Omar; afgetrede regter, Seraj Desai; filantroop en menseregteaktivis, dr Anwa Nagia; en politieke gevangene, Achmad Cassiem, was. Baie geluk aan die skoolgemeenskap in die algemeen.

Goedgekeur.

23. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en dit verwelkom dat die provinsiale regering die Provinsiale Reguleringsentiteit se digitale voetspoor uitbrei om voorsiening te maak vir alternatiewe om aansoeke om openbare vervoerbedryfslisensies te verwerk; kennis neem dat, benewens die persoonlike indiening van aansoeke by openbare bedryfslisensiekantore, aansoekers nou ook aansoeke elektronies per e-pos en op ŉ aanlyn platform kan indien; en hierdie innovering deur die Wes-Kaap verwelkom wat weereens dienslewering en staatsdienste sal stroomlyn.

Goedgekeur.

24. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met trots kennis neem van die prestasie van die 17-jarige Aksana Matokazi van Brackenfell, Kaapstad, wat aan die einde van Julie na Los Angeles vertrek om Suid-Afrika in die Wêreldkampioenskap van Uitvoerende Kunste te verteenwoordig; verder kennis neem en goeie wense oordra aan hierdie Kapenaar wat in die kategorieë komedie, drama en sang gaan meeding; en daaraan erkenning gee dat, as die provinsiale regering meer fondse beskikbaar kon stel om die skeppende kunste, sport en kultuur te ondersteun, ons meer kunstenaars en atlete in staat kon stel om die provinsie en land in internasionale kompetisies te verteenwoordig.

Goedgekeur.

25. [17:58] EERSTE ORDER

Oorweging van Verslag van die Komitee oor Openbare Rekeninge oor die jaarverslae van die 13 departemente van die Wes-Kaapse Regering (WKR), insluitende hul entiteite. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komitee-verslae, no 35, gedateer 6 April 2023, bl 79.)

Stemverklarings namens die ANC, EFF en DA.

Vraag gestel: Dat die Verslag van die Komitee oor Openbare Rekeninge aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die Verslag is dus aangeneem.

26. Die Huis verdaag om 18:10.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement